



Subject: Grade 8 Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Topic: EBW: Kwartaal 2 - Eksamen 1

Total: 96 Marks

1. Geskoolde | Halfgeskoolde

4 marks

Explanation:

- **Geskoolde** arbeid is werknemers wat hoërvlakonderwys (kwalifikasies) ontvang het.
- **Halfgeskoolde** arbeid is werknemers wat in 'n spesifieke funksie of werksarea opgelei is.

2. huishoudings | besighede

4 marks

Explanation:

Huishoudings (A) gee geld aan **Besighede** (B) in ruil vir goedere en dienste.

3. false

2 marks

Explanation:

Die **Natuurlike omgewing** bestaan uit alle dinge wat **natuurlik** op aarde voorkom (lewendig en nie-lewendig). Die Beboude omgewing bestaan uit mensgemaakte strukture.

4. = | +

4 marks

Explanation:

Die Rekeningkundige Vergelyking is $\text{Bates} = \text{Eienaarsbelang} + \text{Laste}$

5. joernaal | joernaal. | joernale | joernale. | hulpjoernale | hulpjoernale. | hulpjoernaal | hulpjoernaal.

3 marks

Explanation:

Die **Rekeningkundige Siklus** is:

- Transaksies
- Brondokumente
- **Joernale**
- Algemene Grootboek
- Proefbalans
- Finansiële State



6. niks | 2 400

4 marks

Explanation:

Twee transaksies het op die 13de plaasgevind.

- **A** moet **leeg** bly (**niks**) en **B** moet 2 400 wees (die twee transaksies vir die dag saamgetel).

7. koop | huishoudings

4 marks

Explanation:

Die regering **koop** die produksiefaktore by **huishoudings**.

Huishoudings besit die produksiefaktore en gee dit aan die regering in ruil vir vergoeding.

8. true

2 marks

Explanation:

'n Tydelike werker word **nie permanent** aangestel nie, maar eerder **op kontrak** vir 'n sekere tydperk.

9. C: Grootboek

4 marks

Explanation:

'n **Grootboek** is nie 'n brondokument nie. Dit word gebruik om inligting oor transaksies aan te teken en op te som.

10. B: Rente

4 marks

Explanation:

Rente is die vergoeding wat gegee word vir die gebruik van Kapitaal as 'n produksiefaktor.

11. B: Gebruik masjinerie om goedere te vervaardig.

4 marks

Explanation:

Die **gebruik van masjinerie** om goedere te vervaardig is **nie 'n transaksie nie**, dit is deel van die vervaardigingsproses.

12. kontant | kontant. | dienste gelewer | dienste gelewer.

3 marks

Explanation:

Die transaksie is vir geld vanaf die KRR wat ontvang is vir lopende inkomste. Die naam van die kliënt is onbekend, so die besonderhede is óf **kontant** óf **dienste gelewer**.

13. belasting | belasting.

3 marks

Explanation:

Die regering verkry inkomste deur **belasting**. Die regering skep elke jaar 'n Nasionale Begroting, wat die beplande besteding sowel as die beplande inkomste uiteensit.

14. C: Die bestuur van private besighede se finansies.

4 marks

Explanation:

Die regering bestuur **nie** die finansies van private besighede nie. **Individuele burgers is verantwoordelik** vir die bestuur van hul eie private besighede.

15. D: Vermaak

4 marks

Explanation:

Die regering sluit nie **vermaak** by die bestedingstoewysings in nie. Die regering spandeer wel geld aan die verskaffing van openbare onderwys, behuising, maatskaplike toelaes en openbare gesondheidsdienste.

Die regering spandeer ook geld veiligheidsdienste, welsyn en maatskaplike sekuriteit, ekonomiese dienste, algemene regeringsdienste en rentebetalings.

16. entrepreneur | entrepreneur. | entrepreneurskap | entrepreneurskap.

3 marks

Explanation:

'n **Entrepreneur** is 'n persoon wat 'n besigheid begin en bestuur deur die ander **drie produksiefaktore** (kapitaal, arbeid, natuurlike hulpbronne) **te kombineer** om produkte en dienste aan kliënte te lewer.

17. false

2 marks

Explanation:

Daar is **drie** regeringsvlakke.

- Plaaslike regering
 - Streeksregering
 - Nasionale regering
-

18. brondokument | brondokument. | brondokumente | brondokumente.

3 marks

Explanation:

'n **Brondokument** word gebruik om transaksies aan te teken. Dit is die eerste dokument wat gebruik word om al die relevante besonderhede oor die transaksie aan te teken, en dit word dan gebruik om inligting na die hulpjoernale oor te dra.

19. kapitaal | kapitaal.

3 marks

Explanation:

Kapitaal is die geld wat in die besigheid of kapitaalgoedere belê word. Kapitaal kan óf persoonlik van die eienaar kom (eie kapitaal), óf dit kan by 'n bank geleen word (geleende kapitaal).

20. bate | bate. | bates | bates.

3 marks

Explanation:

Bates is items van waarde wat deur 'n besigheid besit word. Hierdie bates kan in kontant omgeskakel word.

21. lewenstyl | lewenstyl.

3 marks

Explanation:

Lewenstyl is hoe 'n persoon / groep mense leef. Dit word deur houdings, waardes en kultuur beïnvloed.

22. false

2 marks

Explanation:

Daar is nie 'n **Ontleding van ontvangstekolom** nie.

23. D: masjinerie

4 marks

Explanation:

Masjinerie is mensgemaak. Dit is **nie** 'n natuurlike hulpbron nie.

24. false

2 marks

Explanation:

Die Ontleding van ontvangste-kolom word gebruik om geld wat ontvang is aan te teken **voordat** dit in die bankrekening gedeponeer word.

25. true

2 marks

Explanation:

Al die geld wat ontvang word, word in die Bankrekening gedeponeer. Al die geld wat ontvang word moet óf in die Lopende inkomstekolom óf in die Diverse rekeningekolom aangeteken word.

Daarom **moet** die Banktotaal **gelyk wees** aan die Lopende inkomstetotaal plus die Diverse rekeningetotaal.

26. false

2 marks

Explanation:

Oorboeking is die proses waartydens inligting uit die **hulpjoernale na die Algemene Grootboek** oorgedra word.

27. Bates | Eienaarsbelang

4 marks

Explanation:

Bates vermeerder omdat daar meer geld in die bankrekening is. **Eienaarsbelang** vermeerder omdat die Kapitaalbedrag vermeerder.

28. false

2 marks

Explanation:

Eienaarsbelang = Kapitaal + Wins

Wins is die verskil tussen inkomste en uitgawes.

29. B: Rente word deur die bank gehef.

4 marks

Explanation:

Wanneer **rente** deur die bank **gehef** word, betaal die besigheid rente (**rente-uitgawe**). Dit word in die **Kontantbetalingsjoernaal** opgeteken, nie in die Kontantontvangstejoernaal nie.

30. Selfonderhoudende | lae

4 marks

Explanation:

Selfonderhoudende gemeenskappe maak staat op landbou-aktiwiteite (soos boerdery) en hulle het 'n **lae** produksievlak. Selfonderhoudende gemeenskappe kweek en maak self alles wat hulle nodig het om te lewe.

Total: 96 Marks

